

---

---

# RM 1:13 - 3:20 - 'N WÊRELD ONDER GOD SE TOORN

E254

---

---

In Rm 1:16-18 gebruik die apostel 4 redegewende voegwoorde ("want") om sy argumentasielyn aanmekaar te bind (Gr.; sien OAV).

- Paulus, waarom is jy so trots op die evangelie en so gretig om in Rome te preek (1:13-15)? Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie!

En waarom is jy nie skaam vir die evangelie nie? Want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo - vir sowel Jode as nie-Jode!

En waarom is dit 'n so 'n verstommende krag? Want die evangelie openbaar aan ons dat God Sy geregtigheid - en dus ewige redding - gee<sup>1</sup> aan elkeen wat glo<sup>2</sup>, ongeag of hy of sy 'n Jood is of 'n heiden!

En, Paulus, waarom is redding dan so belangrik? Want, dat elkeen wat glo sal lewe, is nie ál wat God aan ons openbaar nie. Niemand anders sal lewe nie! Die toorn van God rus op al die mense wat in ongeregtheid lewe en die waarheid onderdruk<sup>3</sup>!

---

1. 'n Subjektiewe genitief (nie objektief nie) - wat, toe hy dit besef het, aanleiding gegee het tot Luther se bekering en die Reformasie (sien die OAV vir 'n meer letterlike vertaling).

2. Die uitdrukking "uit geloof tot geloof" (OAV) is 'n Griekse uitdrukking wat dui op oorfloed en standhoudendheid - dis soos branders wat sonder ophou, dag en nag, een na die ander op die strand uitrol. Die implikasie is dus duidelik: *die geloof waardeur redding kom, is nie maar 'n eenmalige beoefening van geloof nie, maar 'n lewenslange en volhardende geloof.*

3. Die woord "onderdruk", beteken om iets onder te hou wat wil regop kom - soos 'n stoeier met sy opponent doen. Die toorn van God rus dus op alle mense wat halstarrig weier om die waarheid te aanvaar, soos dit

Presies dit is die rede waarom die evangelie die beste nuus op aarde is. Voordat mens bogenoemde nie verstaan nie - en dit gaan nie bloot oor verstandskennis nie, dit moet op die tafels van jou hart geskrywe wees - bly die evangelie bloot van akademiese belang vir jou.

- Vers 18 hier in h.1 is die apostel se basiese stelling wat al die verse tot en met 3:20 beheers. Hierdie 64 verse is van die allergrootste belang as ons die boodskap van Romeine wil verstaan. Soos in die geval van 'n swart of pers fluweeldoek waarop 'n diamant lê, vorm dit die donker dekor vir die evangelie om op sy helderste te skitter. Trouens, sonder die waarhede wat hier onderstreep word, verstaan ons nooit die goeie nuus soos ons moet nie.

Alle mense is dus sondig en doemwaardig voor God. Die hele wêreld, Jode en nie-Jode, is verlore en op pad na die ewige verdoemenis - tensy hulle gelowig in Christus invlug.

## Romeine 1:19 - 1:32: Die heidene is sondig en verlore

- Mense sal vra: Is dit regverdig? Die heidene het tog nie God se openbaring ontvang nie.

Dan antwoord Paulus: Ja hulle het! Weliswaar anders en minder as die Jode, maar hulle hét! Hulle het Sy algemene openbaring ontvang (19-23). Hulle kan Sy ewige krag en Goddelikheid in Sy werke sien. Maar tog dank en verheerlik hulle God nie (v.20-21); trouens, eerder sal hulle in absurde afgodery opgaan (v.23).<sup>4</sup>

Hulle is daarom sonder verskoning.

---

in sowel die besondere openbaring, as die algemene openbaring tot uitdrukking kom (v.19).

4. Dit beteken nie dat die heidene deur menslike moraliteit redding kan behaal nie. Hulle kan nie, want alle mense is radikaal verdorwe. Hierdie openbaring waarvan die apostel praat, is genoegsaam om mense toerekeningsvatbaar te maak, maar nie kragtig genoeg om hulle harte te verander nie.

- In verse 24-32 bewys Paulus dan dat dit wat hy in die voorafgaande verse sê nie maar 'n wilde stelling is nie. Elke kans wat hulle kry, gryp hulle aan om net meer en erger sonde te doen.

Dis soos wanneer 'n swaar klip aan 'n tou oor die kant van 'n skip hang. Laat jy die tou skiet, sink die klip sonder uitsondering dieper. Nooit sal hy na die oppervlak kom en begin dryf nie. En laat skiet jy die tou heeltemal, sink die klip tot in die morsige slik op die bodem.

As God die ongelowiges se "tou laat skiet", sink hulle sonder uitsondering in die dieptes van verdorwenheid in. Hiervan is die mens se geskiedenis 'n onomstootlike bewys.

## Romeine 2:1-16: Ook die heidene wat oënskynlik vroom lewe, is skuldig

- Goed, sal die apostel se lesers sê, ons aanvaar dit. Die bewyse is onontkombaar duidelik. Maar dit is darem nie waar van alle mense nie. Baie van hulle huldig immers verhewe idees oor moraliteit.

Ek hoor wat julle sê, reageer Paulus. Sekerlik is nie almal ewe sondig nie - maar alle mense is wel sondig. Leef hulle hierdie verhewe idees van hulle uit? Onthou, uiteindelik oordeel God ons almal volgens ons werke (v.6, 13).<sup>5</sup> Dit is die onfeilbare bewys van 'n mens se hartsgesteldheid. En dit geld vir Jood en nie-Jood - God trek immers niemand voor nie (v.11).

Elke mens het dus 'n onontkombare en noodlottige probleem. Omdat niemand aan God se volmaakte standaard kan voldoen nie, is alle mense skuldig en strafbaar (v.12vv).

- Nou ontstaan 'n vraag noodwendig. Hoe kan God van die heidene verwag om aan Sy standarde te voldoen as hulle nie eers daarvan weet nie?

---

5. God se standaard is volmaakte gelykvormigheid aan 3 maatstawwe: die van *bron*, en *norm*, en *doel* van ons werke. Dus: een, kom my optrede uit 'n suiwer en opregte hart; twee, is dit in volkome harmonie met God se morele wet; en drie, is die werk in alle opregtheid ingestel op God se eer en die welsyn van my naaste?

Goed, antwoord die apostel, oorweeg vir 'n oomblik die mees morele heidene wat julle ken, en gou-gou sal julle sien dat ook hulle sonder verskoning is. Want God se wet is in hulle harte geskryf (15a). Hulle verstaan dit per slot van rekening, want vanself doen hulle die dinge wat die wet vereis (14b).

Nog meer, die heidene met hoë morele waardes het aktiewe gewetes (v.15b). Hulle ken immers die tweestryd tussen reg en verkeerd (v.15c).

Maar hulle bring die oordeel oor hulleself, want ten spyte van hulle diepgesetelde kennis van reg en verkeerd, leef hulle allermens daarvolgens; intendeel.

Ja, uiterlik is daar baie heidene wat oënskyklik vlekkelose lewens lei, maar op die laaste dag sal Christus hulle oordeel as God hulle hartsmotiewe en skandelijkhede aan die lig bring.

## Romeine 2:17-29: Die Jode het selfs minder verskoning.

- Die feit dat hulle die Wet ontvang het en die besnydenis beoefen, laat die Jode dink dat hulle as uitverkorenes van God nie onderworpe aan Sy toorn is nie. Maar die teendeel is waar. Hulle sal strenger as die heidene geoordeel word, want hulle het nie net die algemene openbaring ontvang nie, maar ook die besondere openbaring.

- Inderdaad het die besnydenis 'n sekere waarde - maar dan moet mens die wet onderhou. Oortree jy egter die Wet, sal die besnydenis eerder teen jou tel.

Daarenteen, as die heidene ernstig poog om die wet van hulle gewetens te onderhou, is dit so goed soos die besnydenis. Trouens, hulle sal die Jode wat die Wet gering geskat het eendag oordeel.

- Verstaan dit baie goed: Jode se afkoms en hulle besnydenis aan die vlees, maak op sigself nie van hulle God se begenadiges nie. Nee, in God se ordes is Sy uitverkorenes hulle wat besnede van hart is en God vanuit hulle diepste oortuigings dien.

Waarlik, dis hulle wat lof van God sal ontvang.

**E254 : Rm 1:13-3:20 : 'n Wêreld onder God se toorn 4/6**

## Romeine 3:1-8 : Voorregte bring onontkombaar verantwoordelikhede mee

- Paulus antisipeer dan 'n vraag in sy lesers se gemoedere. Beteken dit dan dat dit eintlik 'n nadeel is om 'n Jood te wees?

"Verre daarvandaan! Die teendeel is waar. Dis 'n enorme voorreg!", antwoord die apostel.

Dis soos 'n kind wat in 'n Christenhuis grootword. Hy of sy is ontsaglik bevoorreg. Maar, en dis kardinaal belangrik om in gedagte te hou, so 'n bevoorregte se verantwoordelikhede voor God is des te groter. En presies dit het die Jode nie genoegsaam in berekening gebring nie.

## Romeine 3:9-20 : Slotsom

- In Rm 3:9-18 kom die apostel tot sy konklusie. Hy toon dat alle mense skuldig is voor God - Jode, sowel as Grieke. Hy lys dan 14 aanklagte teen die ongelowige mens. Dis alles aanklagte vanuit die Ou Testament (Pred 7:20; Ps 5:10; 10:7; 14:1-3; 36:2; 53:2-4; 140:43; Jes 59:7-8).

- Hierdie aanklagte teen die gevalle en sondige mensheid kan só opgesom word:

- Hulle sondig in hulle *karakter* (v.10-12).
- Hulle sondig met hulle *woorde* (v.13-14).
- Hulle sondig in hulle *gedrag* (v.15-17).
- Hulle sondig met hulle *gesindheid* (v.18).

- Die konklusie van die hele saak kry ons dan in Rm 3:19-20: "... die hele wêreld is strafwaardig voor God."

## Toepassing

1. Nie 'n enkele mens het enige verskoning nie - almal is strafwaardig. Sonder God se genade bly

**E254 : Rm 1:13-3:20 : 'n Wêreld onder God se toorn 5/6**

daar maar één uiteinde oor; die ewige verdoemenis!

2. Dit gaan nie net oor die sonde wat hulle doen en oor die gehoorsaamheid wat nagelaat word nie. Die natuurlike mens is in sy wese verdorwe. Die erfsmet (die sondige natuur) is 'n realiteit. Die sondeval was 'n werklikheid en vernietigend in sy effekte. Die gevolg daarvan was presies soos soos God die mens vooraf gewaarsku het.

3. Daar is geen einde aan die mens se verdorwenheid nie. Dis net God se algemene genade wat die mensheid daarvan weerhou om tot in die morsigste slyk van sonde te sink.

4. Op geen wyse kan God beskuldig word van onregverdigheid as Hy die mensheid veroordeel en straf nie. Het Hy nie die eerste mens absoluut regverdig geskep nie, en hom gewaarsku dat hy gewis sal sterf as hy sou sondig? Was die proefgebod moeilik om te onderhou? Was daar dwarsdeur die geskiedenis, tot vandag toe, een enkele mens wat kan sê dat hy nie ernstig gesondig het nie. En so kan ons voortgaan - almal is deur en deur skuldig.

5. Daar is maar een hoop - Jesus Christus, die volmaakte Middelaar en Plaasvervanger. Vlug in afhanklike geloofsvertroue in Hom in, en bly enduit in Hom skuil - en nie alleen sal jy (negatief) nie kry wat jou toekom nie; jy sal die ewige erfenis ontvang wat Adam só gekry het as hy enduit getrou gebly het (heerlik positief).

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za); T: 012-808 3906

**E254 : Rm 1:13-3:20 : 'n Wêreld onder God se toorn 6/6**